
# Oefening 2015-8AK-00001(1)




(1) ′n Spinwiel het vier gekleurde sektore.
Die sektore is onderskeidelik groen, blou, rooi en geel.

(a) Wat is die kans dat die spinwyser op geel sal land as die wiel een maal gespin word?

(b) As die wiel een maal gespin word, wat is die kans dat die spinwyser nie op rooi sal land nie?

(c) Wat is die kans dat die spinwyser op wit sal land as die wiel een maal gespin word?

(2) ′n Dobbelsteentjie word gegooi.

(a) Wat is die kans dat die steentjie op ′n onewe getal sal land?

(b) Wat is die kans dat die steentjie op ′n ses sal land?

(c) Wat is die kans dat die steentjie op ′n priemgetal sal land?

(3) In ′n sakkie is daar 8 wit albasters, 7 rooi albasters en 5 groen albasters. Jy mag net een albaster uit die sakkie trek. Wat is die waarskynlikheid dat die albaster wat jy trek:

(a) rooi sal wees?

(b) wit sal wees?

(c) nie rooi of wit sal wees nie?

(d) watter kleur albaster het die beste waarskynlik om getrek te word?

(4) Verduidelik die volgende begrippe:

(a) waarskynlikheid

(b) moontlike uitkoms(te)

(c) relatiewe frekwensie

(5) Beskou die volgende tabel wat ′n opsomming is van 6 eksperimente. Die doel van die eksperiment was om vas te stel watter van die volgende vakke leerders die meeste geniet: LO, Kuns en Kultuur of Tegnologie. Die leerders moes EEN van die vakke kies!

| Eksperiment | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Aantal leerders getoets | 135 | 144 | 125 | 200 | 188 | 234 |
| LO as voorkeur vak gekies | 66 | | 44 | 28 | 34 | 46 |
| Kuns en Kultuur as voorkeur vak gekies | 13 | 60 | 24 | 89 | 66 | |
| Tegnologie as voorkeur vak gekies | | 28 | | | | 88 |

(a) Voltooi die tabel.

(b) Bepaal die relatiewe frekwensie van eksperiment 6 vir elke uitkoms.

(c) Bepaal die relatiewe frekwensie van al die eksperimente saam vir LO as voorkeur vak.

(6) Kies die korrekte antwoord vir elk van die volgende bewerings:

(a) Watter van die volgende is ′n eksperiment?

A. Die gooi van ′n muntstuk.

B. Gooi van ′n dobbelsteen.

C. Trek van ′n suigstokkie uit ′n pak.

D. Alle bogenoemde.

(b) Watter van die volgende is ′n uitkoms?

A. Gooi van ′n dobbelsteen.

B. Kies ′n getal vanuit ′n keuse van 6 getalle.

C. ′n Dobbelsteen land op ′n ses.

D. Geen van bogenoemde.

(7) Die Conrad egpaar verwag ′n tweeling. Wat is die kans dat hulle twee seuns verwag? Teken ′n boomdiagram!